# Liturgie Vir Leesdienste

Saamgestel deur Dr. Hennie van Wyk

1. Ontmoetingsdiens 3
1.1 Votum 3
1.2 Gebed om die seën 5
2. Belydenis 6
2.1 12 Artikels 6
2.2 Nicea 6
3. Wet 7
4. Slotgebed om die seën 13

# 1. ONTMOETINGSDIENS

## 1.1 VOTUM

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| Ps. 124:8 | Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het | Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het | Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het. |
| Ps. 121:1, 2 | Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het | Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het | Ek kyk op na die berge: Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE, wat hemel en aarde gemaak het. |
| Ps. 95:6, 7 | Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het. Want Hy is onse God, en ons is die volk van sy weide en die skape van sy hand. Ag, as julle vandag maar na sy stem wou luister! | Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper! Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg. As julle vandag maar na Hom wou luister: | Gaan in, laat ons in aanbidding buig en kniel, laat ons op ons knieë staan voor die HERE, ons Maker. 7 [1] Want Hy is ons God en ons is die volk wat Hy laat wei, die kleinvee van sy hand. As julle vandag maar net na sy stem wou luister! |
| Romeine 11:36 | Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid | Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! | Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom kom die heerlikheid vir ewig toe! |

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| Ps. 43:3, 4 | Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na u heilige berg en na u woninge, dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydskap en U kan loof met die siter, o God, my God! | Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei en my bring na u heilige berg, na u woning! Laat my ingaan na die altaar van God, die God oor wie ek wil jubel en juig, dat ek U kan loof met die lier, o God, my God! | Stuur u lig en u waarheid; laat dit my lei, my bring na u heilige berg en na u woonplek, sodat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God wat my van blydskap laat jubel, en sodat ek U, o God, my God, kan prys met 'n lier. |
| Ps. 19:14 | Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser! | Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser. | Laat die woorde van my mond en die bepeinsing van my hart vir U aanvaarbaar wees, HERE, my Rots en my Verlosser. |

## 1.2 GEBED OM DIE SEËN

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| Openbaring 1:4, 5 | Mag die genade en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde met ons wees. Amen | Mag die genade en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde met ons wees. | Mag die genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is; en van Jesus Christus, die betroubare getuie, die Eersgeborene uit die dood en die heerser oor die konings van die aarde met ons wees. |
| 2 Korintiërs 13:13 | Mag die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met ons almal wees. Amen | Mag die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met ons almal wees. Amen | Mag die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly met ons almal wees. |

# 2. BELYDENIS

## 2.1 12 Artikels

1. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
2. en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
3. wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
4. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan.*
5. Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood;
6. opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
7. waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
8. Ek glo in die Heilige Gees;
9. Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
10. die vergewing van sondes;
11. die opstanding van die liggaam
12. en 'n ewige lewe.

## 2.2 Nicea

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sigbare en onsigbare dinge;
en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het. Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword; Hy het mens geword; onder Pontius Pilatus is Hy vir ons gekruisig; Hy het gely en is begrawe. Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar. Hy sit aan die regterhand van die Vader, en Hy sal met heerlikheid terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.
Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek.
Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk.
Ons bely een doop tot vergifnis van die sondes.
Ons verwag die opstanding van die dooies
en die lewe van die toekomstige bedeling. Amen.

# 3. WET

## 3.1 EKSODUS 20

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| | Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. | Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. | Toe het God al hierdie woorde gespreek: “Ek is die HERE jou God, wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het. |
| 1 | Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. | Jy mag naas My geen ander gode hê nie. | Jy mag naas My nie ander gode hê nie. |
| 2 | Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ’n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. | Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. | Jy mag nie vir jou 'n gesnede beeld maak nie – enige afbeelding van wat in die hemelruim daar bo, of op die aarde hier onder, of in die water onder die aarde is nie. Jy mag nie voor hulle in aanbidding buig nie, en jy mag hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n besitlike God, wat kinders laat boet vir die sondeskuld van ouers, selfs die derde en vierde geslag van hulle wat My verwerp, maar troue liefde bewys aan duisende, aan hulle wat My liefhet en my gebooie nakom. |
| 3 | Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die | Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die | Jy mag die Naam van die HERE jou God nie misbruik nie, want die |

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| | HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie. | Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. | HERE sal hulle wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat nie. |
| **4** | Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig. | Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. | Gedenk die Sabbatdag deur dit heilig te hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is 'n Sabbat ter ere van die HERE jou God. Jy mag geen werk doen nie, nie jy en jou seun en jou dogter, jou slaaf en jou slavin, jou diere en jou vreemdeling wat by jou is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde en die see gemaak, en alles wat daarin is, maar op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die Sabbatdag geseën en dit geheilig. |
| **5** | Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee. | Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. | Behandel jou vader en jou moeder met eerbied, sodat jy lank kan leef op die grond wat die HERE jou God vir jou gaan gee. |
| **6** | Jy mag nie doodslaan nie. | Jy mag nie moord pleeg nie. | Jy mag nie moord pleeg nie. |
| **7** | Jy mag nie egbreek nie | Jy mag nie egbreuk pleeg nie. | Jy mag nie egbreuk pleeg nie. |

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| **8** | Jy mag nie steel nie. | Jy mag nie steel nie. | Jy mag nie steel nie. |
| **9** | Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. | Jy mag nie vals getuienis teen ’n ander gee nie. | Jy mag nie vals getuig teen jou naaste nie. |
| **10** | Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie | Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ’n slaaf of slavin, ’n bees of ’n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie." | Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie. Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, ook nie sy slawe en slavinne, sy beeste en donkies nie – enigiets wat aan jou naaste behoort nie.” |

## 3.2 Deuteronomium 5:1-4, 6-22

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| | En Moses het die hele Israel laat roep en vir hulle gesê: Hoor, Israel, die insettinge en die verordeninge wat ek vandag voor julle ore uitspreek; julle moet dit leer en dit sorgvuldig hou. Die HERE onse God het by Horeb met ons ‘n verbond gesluit. Met ons vaders het die HERE hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is. Van aangesig tot aangesig het die HERE op die berg uit die vuur met | Moses het die hele volk bymekaargeroep en vir hulle gesê: “Israeliete, luister na die voorskrifte en die bepalings wat ek vandag hier in julle teenwoordigheid aankondig. Julle moet dit leer, dit gehoorsaam en daarvolgens lewe. Die Here ons God het by Horeb 'n verbond met ons gesluit. Dit is nie ons voorvaders met wie Hy hierdie verbond gesluit het nie, maar ons, ons almal wat hier is en nou lewe. Ja, met julle persoonlik het die | Moses het die hele Israel byeengeroep en vir hulle gesê: “Israel, luister na die vaste voorskrifte en beslissings wat ek vandag afkondig, sodat julle dit kan hoor. Julle moet dit leer en dit nougeset nakom. Die HERE ons God het met ons 'n verbond gesluit by Horeb. Dit is nie met ons voorouers wat die HERE hierdie verbond gesluit het nie, maar met ons – ons hier wat vandag nog almal leef. Op die berg het die HERE uit die vuur van aangesig tot aangesig met julle gepraat. Die HERE het gesê |

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| | julle gespreek — en Hy het gesê: | Here op die berg uit die vuur uit gepraat. “Die Here het gesê: | |
| | Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. | Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. | Ek is die HERE jou God, wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het. |
| **1** | Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. | Jy mag naas My geen ander gode hê nie. | Jy mag naas My nie ander gode hê nie. |
| **2** | Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ’n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, en aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. | Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. | Jy mag nie vir jou 'n gesnede beeld van 'n god maak nie – enige afbeelding van wat in die hemelruim daar bo of op die aarde hier onder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag nie voor hulle in aanbidding buig nie, en jy mag hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n besitlike God wat kinders laat boet vir die sondeskuld van ouers, selfs die derde en vierde geslag van hulle wat My verwerp, maar troue liefde bewys aan duisende, aan hulle wat My liefhet en my gebooie nakom. |
| **3** | Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die | Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal dié een wat sy | Jy mag die Naam van die HERE jou God nie misbruik nie, want die HERE sal hulle wat sy |

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| | een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie. | Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. | Naam misbruik, nie ongestraf laat nie. |
| 4 | Onderhou die sabbatdag, dat jy dit heilig soos die HERE jou God jou beveel het. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy. En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland ’n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur ’n sterke hand en ’n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou. | Jy moet die sabbatdag so deurbring dat jy dit heilig hou, soos die Here jou God jou beveel het. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of jou bees of jou donkie of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie, sodat jou werksmense kan rus soos jy. Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte ’n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige dade daaruit bevry het. Daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te onderhou. | Hou die Sabbatdag heilig soos die HERE jou God jou beveel het: Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is 'n Sabbat ter ere van die HERE jou God. Jy mag geen werk doen nie, nie jy en jou seun en jou dogter, jou slaaf en jou slavin, jou bees en jou donkie of enige van jou diere nie, ook nie jou vreemdeling wat by jou is nie, sodat jou slaaf en jou slavin kan rus soos jy. Jy moet onthou dat jy ook 'n slaaf was in Egipteland en dat die HERE jou God met 'n sterk hand en uitgestrekte arm jou daar uitgelei het. Daarom het die HERE jou God jou beveel om die Sabbatdag te vier. |
| 5 | Eer jou vader en jou moeder soos die HERE jou God jou | Eer jou vader en jou moeder, soos die Here jou God jou beveel het, | Behandel jou vader en jou moeder met eerbied soos die HERE jou God jou |

| | 1933/53 | 1983/91 | 2020 |
|---|---|---|---|
| | beveel het, dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat die HERE jou God aan jou gee. | dan sal jy ’n lang lewe hê en sal dit goed gaan met jou in die land wat die Here jou God vir jou gee. | beveel het, sodat jy lank kan leef, en sodat dit met jou goed kan gaan op die grond wat die HERE jou God vir jou gaan gee. |
| **6** | Jy mag nie doodslaan nie. | Jy mag nie moord pleeg nie. | Jy mag nie moord pleeg nie. |
| **7** | En jy mag nie egbreek nie. | Jy mag nie egbreuk pleeg nie. | Jy mag nie egbreuk pleeg nie. |
| **8** | En jy mag nie steel nie. | Jy mag nie steel nie. | Jy mag nie steel nie. |
| **9** | En jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. | Jy mag nie vals teen ’n ander getuig nie. | Jy mag nie vals getuig teen jou naaste nie. |
| **10** | En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie—na sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. | Jy mag nie iemand anders se vrou begeer nie. Jy mag nie sy huis begeer nie, ook nie sy grond, sy slaaf of slavin, sy bees of donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie. | Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie. Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie, ook nie sy saaigrond, sy slaaf en sy slavin, sy bees en sy donkie, of enigiets wat aan jou naaste behoort nie.’ |
| | Met hierdie woorde het die HERE julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolkedonkerheid met ‘n groot stem toegespreek, en niks meer nie; en Hy het dit op twee kliptafels geskrywe en dit aan my gegee. | “Die Here het by die berg al hierdie gebooie duidelik hoorbaar aan julle hele gemeente gegee, uit die vuur en die stikdonker wolk uit, en toe het Hy stilgebly. Daarna het Hy dit op twee plat klippe geskryf en dit vir my gegee.” | Hierdie woorde het die HERE met 'n harde stem uit die vuur, wolke en diepe duisternis op die berg vir julle hele geloofsgemeenskap gesê. Hy het niks bygevoeg nie, dit op twee kliptafels gegraveer en dit vir my gegee |

# 4. SLOTGEBED OM DIE SEËN

| **2 Korintiërs 13:13** |
|---|
| Mag die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met ons almal wees. Amen |
| **Numeri 6:24 - 26** |
| Mag die Here ons seën en beskerm; mag die Here tot ons redding verskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons Sy vrede gee! Amen |
| **1 Petrus 5:10, 11** |
| Mag God wat alle genade gee en wat ons geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, ons, nadat ons 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en ons moedig, sterk en standvastig maak.<br>Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen. |

# 5. SKRIFBERYMINGS:

## 5.1 NUWE NA OU NOMMERS

| N | O |
|---|---|
| 1-1 | 24 |
| 1-2 | 60 |
| 1-3 | 61 |
| 1-4 | 62 |
| 1-5 | 85 |
| 1-6 | 86 |
| 2-1 | 19 |
| 2-2 | 34 |
| 2-3 | 32 |
| 2-4 | 33 |
| 2-5 | 35 |
| 2-6 | 54 |
| 2-7 | 37 |
| 3-1 | 51 |

| N | O |
|---|---|
| 3-2 | 63 |
| 3-3 | 64 |
| 3-4 | 65 |
| 3-5 | 80 |
| 3-6 | 87 |
| 4-1 | 1 |
| 4-2 | 2 |
| 4-3 | 66 |
| 4-4 | 4 |
| 4-5 | 67 |
| 4-6 | 68 |
| 4-7 | 3 |
| 4-8 | 5 |
| 5-1 | 6 |

| N | O |
|---|---|
| 5-2 | 7 |
| 5-3 | 8 |
| 5-4 | 10 |
| 5-5 | 88 |
| 6-1 | 11 |
| 6-2 | 12 |
| 7-1 | 31 |
| 7-2 | 69 |
| 8-1 | 14 |
| 8-2 | 13 |
| 8-3 | 89 |
| 9-1 | 26 |
| 9-2 | 58 |
| 9-3 | 70 |

| N | O |
|---|---|
| 9-4 | 21 |
| 9-5 | 56 |
| 9-6 | 20 |
| 10-1 | 28 |
| 10-2 | 59 |
| 11-1 | 22 |
| 11-2 | 52 |
| 11-3 | 16 |
| 11-4 | 55 |
| 12-1 | 71 |
| 12-2 | 27 |
| 12-3 | 72 |
| 12-4 | 81 |
| 12-5 | 82 |

| N | O |
|---|---|
| 12-6 | 90 |
| 13-1 | 76 |
| 13-2 | 77 |
| 13-3 | 78 |
| 13-4 | 79 |
| 14-1 | 73 |
| 14-2 | 74 |
| 14-3 | 53 |
| 14-4 | 83 |
| 15-1 | 75 |
| 15-2 | 38 |
| 15-3 | 39 |
| 15-4 | 40 |
| 15-5 | 41 |

| N | O |
|---|---|
| 15-6 | 42 |
| 15-7 | 43 |
| 15-8 | 44 |
| 16-1 | 15 |
| 17-1 | 17 |
| 17-2 | 18 |
| 17-3 | 84 |
| 18-1 | 9 |
| 18-2 | 36 |
| 18-3 | 29 |
| 18-4 | 46 |
| 18-5 | 23 |
| 18-6 | 57 |
| 18-7 | 45 |

| N | O |
|---|---|
| 18-8 | 30 |
| 19-1 | 47 |
| 19-2 | 48 |
| 19-3 | 25 |
| 20-1 | 49 |
| 20-2 | 50 |

## 5.2 OU NA NUWE NOMMERS

| O | N |
|---|---|
| 1 | 4-1 |
| 2 | 4-2 |
| 3 | 4-7 |
| 4 | 4-4 |
| 5 | 4-8 |

| O | N |
|---|---|
| 6 | 5-1 |
| 7 | 5-2 |
| 8 | 5-3 |
| 9 | 18-1 |
| 10 | 5-4 |

| O | N |
|---|---|
| 11 | 6-1 |
| 12 | 6-2 |
| 13 | 8-2 |
| 14 | 8-1 |
| 15 | 16-1 |

| O | N |
|---|---|
| 16 | 11-3 |
| 17 | 17-1 |
| 18 | 17-2 |
| 19 | 2-1 |
| 20 | 9-6 |

| O | N |
|---|---|
| 21 | 9-4 |
| 22 | 11-1 |
| 23 | 18-5 |
| 24 | 1-1 |
| 25 | 19-3 |

| O | N |
|---|---|
| 26 | 9-1 |
| 27 | 12-2 |
| 28 | 10-1 |
| 29 | 18-3 |
| 30 | 18-8 |

| O | N |
|---|---|
| 31 | 7-1 |
| 32 | 2-3 |
| 33 | 2-4 |
| 34 | 2-2 |
| 35 | 2-5 |

| O | N |
|---|---|
| 36 | 18-2 |
| 37 | 2-7 |
| 38 | 15-2 |
| 39 | 15-3 |
| 40 | 15-4 |
| 41 | 15-5 |
| 42 | 15-6 |
| 43 | 15-7 |

| O | N |
|---|---|
| 44 | 15-8 |
| 45 | 18-7 |
| 46 | 18-4 |
| 47 | 19-1 |
| 48 | 19-2 |
| 49 | 20-1 |
| 50 | 20-2 |
| 51 | 3-1 |

| O | N |
|---|---|
| 52 | 11-2 |
| 53 | 14-3 |
| 54 | 2-6 |
| 55 | 11-4 |
| 56 | 9-5 |
| 57 | 18-6 |
| 58 | 9-2 |
| 59 | 10-2 |

| O | N |
|---|---|
| 60 | 1-2 |
| 61 | 1-3 |
| 62 | 1-4 |
| 63 | 3-2 |
| 64 | 3-3 |
| 65 | 3-4 |
| 66 | 4-3 |
| 67 | 4-5 |

| O | N |
|---|---|
| 68 | 4-6 |
| 69 | 7-2 |
| 70 | 9-3 |
| 71 | 12-1 |
| 72 | 12-3 |
| 73 | 14-1 |
| 74 | 14-2 |
| 75 | 15-1 |

| O | N |
|---|---|
| 76 | 13-1 |
| 77 | 13-2 |
| 78 | 13-3 |
| 79 | 13-4 |
| 80 | 3-5 |
| 81 | 12-4 |
| 82 | 12-5 |
| 83 | 14-4 |

| O | N |
|---|---|
| 84 | 17-3 |
| 85 | 1-5 |
| 86 | 1-6 |
| 87 | 3-6 |
| 88 | 5-5 |
| 89 | 8-3 |
| 90 | 12-6 |

# 6. ALTERNATIEWE MELODIEË

| PS | Alternatiewe |
|---|---|
| 2 | 2, 2a, 85, 144, 144a |
| 4 | 4a |
| 5 | l5 |
| 7 | 7, 7a, 91, 91a, 119, 119a, 119b, 119c, s1-5, S8-1, S15-8, l219, L241, l351, l399, l490, L530, h444 |
| 8 | 8a, l27, l110 |
| 9 | 9a |
| 10 | 10, 10a, 74, 79, 93, 145, S2-1, L15, L79, l85, l127, L253, L300 |
| 11 | 11, 11a, 110, l110 |
| 12 | 12, 112, S4-8, S4-8a, l34 |
| 14 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, l14, l24, l37, l53, l57, l60, l101, l126, l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |
| 16 | 16a, 23 |
| 18 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, l26, l147 |
| 20 | 20, 20a, 137, S1-4, S3-2, S3-3, S18-6, l20, l104, l109, l264, l282, l291, l419, l510 |
| 24 | 24, 113, l550 |
| 26 | 26a |
| 28 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, l14, l24, l37, l53, l57, l60, l101, l126, l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |
| 30 | 30, 76, 76a |
| 31 | 31, 31a |
| 33 | 33a |
| 34 | 34a |
| 35 | 35, 73 |
| 37 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, l14, l24, l37, l53, l57, l60, l101, l126, l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |
| 38 | 38, 38a, 61, l61 |
| 40 | 40, 40a |
| 42 | 42, l167 |
| 45 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, |

| PS | Alternatiewe |
|---|---|
| | s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| 50 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, I262, I320 |
| 53 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| 58 | 58, I58 |
| 59 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, I262, I320 |
| 60 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, I26, I147 |
| 61 | 38, 38a, 61, I61 |
| 62 | 24, 113, I550 |
| 63 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, I26, I147 |
| 64 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| 66 | 66, S1-1, S1-1a, s3-1, I200, I504 |
| 67 | 33a |
| 69 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, I262, I320 |
| 70 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, I26, I147 |
| 71 | 31, 31a |
| 73 | 35, 73 |
| 74 | 10, 10a, 74, 79, 93, 145, S2-1, L15, L79, I85, I127, L253, L300 |
| 75 | 75, 115, I139, S4-4, s18-7, s18-7a, L111, I239, L376, L474, L508 |
| 76 | 30, 76, 76a |
| 78 | L78 |
| 79 | 10, 10a, 74, 79, 93, 145, S2-1, L15, L79, I85, I127, L253, L300 |
| 80 | 80, 94 |
| 85 | 2, 2a, 85, 144, 144a |
| 88 | 12, 112, S4-8, S4-8a, I34 |
| 90 | 90, 90a |
| 91 | 7, 7a, 91, 91a, 119, 119a, 119b, 119c, s1-5, S8-1, S15-8, I219, L241, I351, I399, I490, L530, h444 |
| 92 | 92, 92a, I92 |
| 93 | 10, 10a, 74, 79, 93, 145, S2-1, L15, L79, I85, I127, L253, L300 |
| 94 | 80, 94 |
| 95 | 24, 113, I550 |

| PS | Alternatiewe |
|---|---|
| 98 | 66, S1-1, S1-1a, s3-1, l200, l504 |
| 100 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, l14, l24, l37, l53, l57, l60, l101, l126, l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |
| 104 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, l14, l24, l37, l53, l57, l60, l101, l126, l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |
| 105 | 80, 94 |
| 107 | 107, 107a, l261 |
| 108 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, l26, l147 |
| 109 | 109, l439 |
| 110 | 11, 11a, 110, l110 |
| 110x | 110x, 128, 130, 130a, 130b, S1-3, S5-5, L137x, l183, l340, l353, l378, L386, L437, l509, l541, L564, g328 |
| 111 | 24, 113, l550 |
| 112 | 12, 112, S4-8, S4-8a, l34 |
| 113 | 24, 113, l550 |
| 114 | 114a, s4-3, l484 |
| 115 | 75, 115, l139, S4-4, s18-7, s18-7a, L111, l239, L376, L474, L508 |
| 116 | 10, 10a, 74, 79, 93, 145, S2-1, L15, L79, l85, l127, L253, L300 |
| 117 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, l262, l320 |
| 118 | 66, S1-1, S1-1a, s3-1, l200, l504 |
| 119 | 7, 7a, 91, 91a, 119, 119a, 119b, 119c, s1-5, S8-1, S15-8, l219, L241, l351, l399, l490, L530, h444 |
| 120 | 120, 149, S18-3, S18-4, l120, l449 |
| 126 | 126, 126a, 148, 148a |
| 127 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, l262, l320 |
| 128 | 110x, 128, 130, 130a, 130b, S1-3, S5-5, L137x, l183, l340, l353, l378, L386, L437, l509, l541, L564, g328 |
| 130 | 110x, 128, 130, 130a, 130b, S1-3, S5-5, L137x, l183, l340, l353, l378, L386, L437, l509, l541, L564, g328 |
| 131 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, l14, l24, l37, l53, l57, l60, l101, l126, l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |
| 132 | 132a |
| 134 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, |

| PS | Alternatiewe |
|---|---|
| | s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| 135 | 75, 115, I139, S4-4, s18-7, s18-7a, L111, I239, L376, L474, L508 |
| 136 | 136, I294, L308 |
| 137 | 20, 20a, 137, S1-4, S3-2, S3-3, S18-6, I20, I104, I109, I264, I282, I291, I419, I510 |
| 139 | 30, 76, 76a |
| 140 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| 141 | 141, I141, I269 |
| 142 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| 144 | 2, 2a, 85, 144, 144a |
| 145 | 10, 10a, 74, 79, 93, 145, S2-1, L15, L79, I85, I127, L253, L300 |
| 146 | 146, S5-1, S11-4, I158, I350, I597 |
| 147 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, I26, I147 |
| 148 | 126, 126a, 148, 148a |
| 149 | 120, 149, S18-3, S18-4, I120, I449 |
| S1-1 | 66, S1-1, S1-1a, s3-1, I200, I504 |
| S1-3 | 110x, 128, 130, 130a, 130b, S1-3, S5-5, L137x, I183, I340, I353, I378, L386, L437, I509, I541, L564, g328 |
| S1-4 | 20, 20a, 137, S1-4, S3-2, S3-3, S18-6, I20, I104, I109, I264, I282, I291, I419, I510 |
| S1-6 | s1-6, I203, I301 |
| S2-1 | 10, 10a, 74, 79, 93, 145, S2-1, L15, L79, I85, I127, L253, L300 |
| S2-3 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, I26, I147 |
| S2-4 | 42, I167 |
| S2-6 | 80, 94 |
| S2-7 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, I26, I147 |
| S3-1 | 66, S1-1, S1-1a, s3-1, I200, I504 |
| S3-2 | 20, 20a, 137, S1-4, S3-2, S3-3, S18-6, I20, I104, I109, I264, I282, I291, I419, I510 |
| S3-3 | 20, 20a, 137, S1-4, S3-2, S3-3, S18-6, I20, I104, I109, I264, I282, I291, I419, I510 |

| PS | Alternatiewe |
|---|---|
| S3-4 | s3-4, I224, I250 |
| S3-5 | 20, 20a, 137, S1-4, S3-2, S3-3, S18-6, I20, I104, I109, I264, I282, I291, I419, I510 |
| S4-1 | s4-1, s4-7 |
| S4-3 | 114a, s4-3, I484 |
| S4-4 | 75, 115, I139, S4-4, s18-7, s18-7a, L111, I239, L376, L474, L508 |
| S4-7 | s4-1, s4-7 |
| S4-8 | 12, 112, S4-8, S4-8a, I34 |
| S5-1 | 146, S5-1, S11-4, I158, I350, I597 |
| S5-2 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, I26, I147 |
| S5-4 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| S5-5 | 110x, 128, 130, 130a, 130b, S1-3, S5-5, L137x, I183, I340, I353, I378, L386, L437, I509, I541, L564, g328 |
| S6-1 | 10, 10a, 74, 79, 93, 145, S2-1, L15, L79, I85, I127, L253, L300 |
| S6-2 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, I26, I147 |
| S7-2 | s4-2, I258, I412 |
| S8-1 | 7, 7a, 91, 91a, 119, 119a, 119b, 119c, s1-5, S8-1, S15-8, I219, L241, I351, I399, I490, L530, h444 |
| S8-2 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| S8-3 | s8-3, I522 |
| S9-1 | S9-1, S9-2, S11-1, I394, I567 |
| S9-2 | S9-1, S9-2, S11-1, I394, I567 |
| S9-4 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, I262, I320 |
| S10-1 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, I262, I320 |
| S11-1 | S9-1, S9-2, S11-1, I394, I567 |
| S11-2 | 110x, 128, 130, 130a, 130b, S1-3, S5-5, L137x, I183, I340, I353, I378, L386, L437, I509, I541, L564, g328 |
| S11-3 | S11-3, S11-3a, S16-1, L334 |
| S11-4 | 146, S5-1, S11-4, I158, I350, I597 |
| S12-2 | 7, 7a, 91, 91a, 119, 119a, 119b, 119c, s1-5, S8-1, S15-8, I219, L241, I351, I399, I490, L530, h444 |
| S12-6 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, |

| PS | Alternatiewe |
|---|---|
| | s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| S14-4 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| S15-1 | 10, 10a, 74, 79, 93, 145, S2-1, L15, L79, I85, I127, L253, L300 |
| S15-2 | 18, 18a, 60, 63, 63a, 147, 147a, S2-3, S2-7, S5-2, S15-2, I26, I147 |
| S15-3 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| S15-4 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| S15-5 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| S15-6 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, I262, I320 |
| S15-7 | 7, 7a, 91, 91a, 119, 119a, 119b, 119c, s1-5, S8-1, S15-8, I219, L241, I351, I399, I490, L530, h444 |
| S15-8 | 7, 7a, 91, 91a, 119, 119a, 119b, 119c, s1-5, S8-1, S15-8, I219, L241, I351, I399, I490, L530, h444 |
| S16-1 | S11-3, S11-3a, S16-1, L334 |
| S17-1 | s17-1, I165, I563 |
| S17-2 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, I176, I228, I402, I420, I430, I538, I574, g393 |
| S18-1 | 66, S1-1, S1-1a, s3-1, I200, I504 |
| S18-2 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, I262, I320 |
| S18-3 | 120, 149, S18-3, S18-4, I120, I449 |
| S18-4 | 120, 149, S18-3, S18-4, I120, I449 |
| S18-5 | 50a, 59, 59a, 69, S9-4, S10-1, S15-6, S18-2, S18-5, I262, I320 |
| S18-6 | 20, 20a, 137, S1-4, S3-2, S3-3, S18-6, I20, I104, I109, I264, I282, I291, I419, I510 |
| S18-7 | 75, 115, I139, S4-4, s18-7, s18-7a, L111, I239, L376, L474, L508 |
| S18-8 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, I14, I24, I37, I53, I57, I60, I101, I126, |

| PS | Alternatiewe |
|---|---|
| | l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |
| S19-3 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, l14, l24, l37, l53, l57, l60, l101, l126, l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |
| S20-1 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, l14, l24, l37, l53, l57, l60, l101, l126, l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |
| S20-2 | 14, 14a, 28, 45, 45a, 100, 100a, 104, 131, 134, 140, S8-2, s12-6, s14-4, S15-3, S15-5, S17-2, l14, l24, l37, l53, l57, l60, l101, l126, l176, l228, l402, l420, l430, l538, l574, g393 |